UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY

# KAMPUSNUUS

MAANDELIKSE PERSONEELBLAD JAAR 19 # 5 • 01–08–2011 • YEAR 19 # 5 MONTHLY STAFF NEWSLETTER



NUUS
Vroue aan Stellenbosch maak impak
3



NUUS
Kontaksentrum smaak reeds groot sukses
4



NUUS
Personeel en studente 'kan saam verskil maak'
5



RESEARCH
Youth hardest hit by socio-economic challenges
6



PEOPLE
Owen Dean: Champion in the Chair
8

Mandela-dag

# US-personeel wys hul gee om

"Dit het my nederig laat voel en opnuut laat besef dat ek erkenning aan my medemens moet gee en moet wys ek gee om – nie net vir een dag nie, maar elke dag."

Dít was die woorde van me Joanne Williams van die Afdeling Gemeenskapsinteraksie nadat sy deel was van 'n groep wat op Mandela-dag (18 Julie) Huis Ebenhaeser, 'n ouetehuis in Cloetesville, besoek het.

Op Mandela-dag, 'n dag ter ere van oudpres Nelson Mandela, word daar 'n beroep op mense regoor die wêreld gedoen om 67 minute van hul tyd af te staan om minderbevoorregtes te help.

"Om tyd by Huis Ebenhaeser te spandeer het my toegelaat om my eie werklikheid te verlaat en tyd met ouer, dikwels vergete mense te spandeer en om vir 'n rukkie deel te word van húl realiteit. Hul stories en wysheid het my herinner dat daar meer aan die lewe is wat ons dalk vergeet wanneer ons gedompel is in ons eie lewens en realiteite," het Williams gesê.

Verskeie US-personeellede het op 18 Julie moue opgerol en gewys hulle gee om. By die USB Bestuursontwikkeling (USB-BO) op die Bellville-kampus het personeel 300 toebroodjies gemaak en aan leerlinge by Klipheuwel Primêre Skool in Durbanville afgelewer. Skryfbehoeftes is bymekaargemaak en ook aan die skool geskenk.

Personeel van die Afdeling Kommunikasie en Skakeling het babaklere by die Stellenbosch Hospitaal se kraamsaal afgelewer. "Die breiprojek gee ons die kans om deurlopend 'n verskil te maak en dié wat nie kans sien vir brei nie, maak hul beursies oop," het me Susan van der Merwe gesê.

Vyftien personeellede van die Afdeling Navorsingontwikkeling het húl tyd geskenk aan Kuyasa Horizon Empowerment, wat leierskapsontwikkelingsprogramme in Kayamandi aanbied. "Almal het regtig die ervaring geniet en het belowe om 'n verhouding met daardie organisasie te handhaaf," het mnr Mawethu Nyakatya, Koördineerder: Navorsingsvennootskappe en -kommunikasie, laat weet.

'n Span van Menslike Hulpbronne het die Steinthal-kinderhuis in Tulbagh besoek. Hulle het 200 kasdeure met nuwes vervang, asook die 160 kinders vermaak en middagete vir hulle voorberei.

SUN MeDIA Stellenbosch het hul 67 minute aan die Stellenbosse Kinderwelsyn geskenk. Die personeel het winterklere, kos en speelgoed geskenk.

> "Dit is wonderlik dat ons personeel inspring en iets in hul gemeenskappe doen."
>
> *– Me Maureen Kennedy, Hoof: Personeel Welwees*

## Raak betrokke

Me Maureen Kennedy, Hoof: Personeel Welwees, het gesê: "Dit is wonderlik dat ons personeel inspring en iets in hul gemeenskappe doen, en ons wil graag hê dit moet weier strek as net Mandela-dag. Dit is juis hoekom Welwees en Gemeenskapsinteraksie in Junie die Werknemervrywilligerprogram begin het. Ons wil graag 'n gevoel van welsyn aanwakker waardeur individue betrokke kan raak by een van die kernfunksies van die universiteit, naamlik gemeenskapsinteraksie, deur vaardighede, kennis en kundigheid binne gemeenskappe te deel."

Dr Jerome Slamat, Senior Direkteur: Gemeenskapsinteraksie, meen personeellede kan boonop hul eie lewe verryk deur hul tyd en hulpbronne aan ander te gee.

"Gemeenskappe sal baat wanneer US-personeel as vrywilligers gaan hand bysit. Maar daar is ook voordele vir onsself in die ontmoeting met die 'ander' buite die universiteit – blootstelling aan ander leefwêrelde; dikwels binne enkele kilometers van ons eie leefwêreld en buite ons gemaksone.

"Ons personeel kry ook die geleentheid om op konkrete en persoonlike wyse 'n ambassadeur van hoop te wees en om by te dra tot nasiebou. Deur te help om hoop te bou en daardeur te help om sin te gee aan ander se lewe, kry ons eie lewe ook sin en perspektief."

■ Lees ook die berig op bladsy 5.

– Ilse Arendse



Gail Vertue, Carol Winson, Claire Sissing, Marieta Havenga, Arina Basson and Briggita Adonis of USB-ED frantically busy making 300 sandwiches for learners of Klipheuwel Primary School in Durbanville. Twenty USB-ED staff members helped make the sandwiches, which were accompanied by a quote by Nelson Mandela as a souvenir.



Hier help 'n groep personeellede van die Mpact Navorsingslaboratorium in die Departement Bosbou tuinmaak by die Kayamandi Legacy-sentrum.



Staff members of the Division for Research Development spent Mandela Day at Kuyasa Horizon Empowerment in Kayamandi by assisting in their feeding scheme.

## *New e-home focuses on needs of SU's postgraduate students*

Current postgraduate students now have their own dedicated electronic home on the Stellenbosch University website. Stellenbosch Postgrad, the portal for postgraduate students was launched by the Postgraduate and International Office (PGIO) today (1 August).

"This portal is a virtual service aimed at supporting postgraduate success at SU," says Ms Dorothy Stevens, Assistant Director: Postgraduate and International Office.

"We are developing a range of focused support services to promote SU's objective of increasing the number of postgraduate students enrolled at our university, while at the same time strengthening the university's position as a research-driven academic institution.

"At the Postgraduate and International Office we understand that the academic needs of our postgraduate students differ from those of undergraduate students. That is why we developed Stellenbosch Postgrad," Stevens says.

As postgraduate students need to access information related to the research process, a research toolkit has been added to the portal, as well as a direct route to the JS Gericke Library's new academic search tool, called SUNSearch.

Via the portal postgraduate students can view specific skills development opportunities, find research-related news and have access to all their official university documentation.

Stevens invited comments and suggestions via the feedback mechanism on the portal at www.sun.ac.za/postgrad.

"We trust that Stellenbosch Postgrad will become a valuable tool. It will evolve over time, but we need feedback to guide this process," she says.

# Kampusklets oppie Rooiplein



## Van die redakteur se lessenaar

Die tweede semester, met sy bibberweer en al, het vinnig op ons afgekom. Waar die kampus nog twee weke gelede tjoepstil en byna verlate was, wemel dit nou weer van studente en personeel. Boonop is almal weer bedrywig, en kalenders loop oor van afsprake, spertye en verpligtinge, want die jaar begin alweer einde se kant toe staan.

Mandela-dag was vanjaar sommer op die eerste dag van die nuwe semester. Op die voorblad vertel ons wat personeellede met húl 67 minute vermag het. Maar welwillendheid moet ook nie net 67 minute lank duur nie; ons behoort heel jaar lank ons deel vir ons gemeenskap te doen.

**Welwillendheid is meer as net 67 minute.**

Op 9 Augustus word Vrouedag gevier, en talle vroue wat aan die US verbonde is laat gereeld hul naam geld. Dink maar net aan al die verstommende prestasies van vroue waaroor juis hier in *Kampusnuus*, asook op die US nuusblog en in Boschtelegram berig is. Stellenbosch het geen tekort aan merkwaardige vroue nie.

Daarom vertel ons in hierdie uitgawe meer oor drie vroue aan die US wat besig is om ’n verskil te maak aan ons wêreld. En ’n paar vroue vertel ook wat dié dag vir hulle beteken.

Ons almal raak soms uiters gefrustreerd as ons probeer werk en die telefoon lui heeltyd. Maar wat as jy duisende oproepe moet beantwoord? Die US se kontaksentrum, wat alle navrae van die publiek hanteer, is al ’n bietjie meer as ’n jaar aan die gang, en *Kampusnuus* berig meer oor die duisende oproepe wat hulle in één maand beantwoord.

Geniet hierdie uitgawe, en laat hoor van julle – skryf ’n brief, gaan lewer kommentaar op Facebook of Twitter, of lug jou mening in ons rubriek, Klip innie Bosch.

Wayne

## Inboks

*You are welcome to write to* Kampusnuus*. Send a short letter to kampusnuus@sun.ac.za, fax 021 808 3800 or deliver at Admin B. A pseudonym may be used, provided that you supply your name and email/ physical address (not for publication).* Kampusnuus *reserves the right to shorten and edit letters.*

### Pronouncing African language names correctly

Hard Acorn to Crack complains (in the June 2011 issue), rightly so, about the not-so-good pronunciation of African language names at SU graduations. The Faculty of Arts and Social Sciences pronounces African languages very well, though it can improve.

May I suggest a general solution: the person who will be reading the graduates’ names can ask assistance, prior to graduation, from people who are very familiar with several African languages in southern Africa. The help can be in the form of transference of African language spelling systems into the reader’s language. For example, if the reader is Afrikaans-speaking, he should be made aware that the African language sound [j] in *Jamludi* is pronounced like the English [j] in *John*, and not like the [y] Afrikaans sound, and that the Venda sound [v] is pronounced [b], as in *broer*, but that the same language has a [vh] sound that is like *want*.

But let me point out that African languages are not homogenous. They are as different as Germanic languages are. Some sounds remain ever problematic, for example the laterals [hl; tl, tlh] are hard to pronounce for African language-speakers north of the Limpopo river.

Pronunciation problems are a result of lack of good exposure to the various languages in the country. On this core, may I remark that those who did Afrikaans, English and an African language at school, are excellent pronouncers of almost all South African languages, and therefore are well placed to help.

If I may humbly advise: SA children should learn three primary school languages: Afrikaans, English and one local African language (Black African children learned with success three languages from Grade 1 in the previous government education). This is to nurture future South Africans who will function in several languages. The present curriculum allows for the learning of three languages in the GET and FET phases. It should not go to the extent where an African language becomes a prerequisite for passing a university degree.

Also, I find the US Hope Project, *Thinking Africa from the Cape* (not Cape Town), very much encouraging to adults to learn an African language. It would be ideal – almost utopian – if some Africans in South Africa were not only identifying with experiences of Africa that are only communicated within the linguistic limits and borders of English and Afrikaans language monuments. Knowing an African language in addition to English and Afrikaans, enables one also to experience Africa with a language that is intimately and mutually interconnected with Africa’s complex indigenous knowledge systems. But which Africa? Whose Africa?

**– Prof N.S. Zulu**

### Afslagfooie vir Babin-kinders

Ek verneem in die Mei-uitgawe van *Kampusnuus* van die Memorandum van Verstandhouding tussen die US en Babin (SEED). Ook verneem ek dat daar skenkings vanaf die US is om te help met die opgradering van Babin om dit ’n veiliger plek vir die kinders te maak. As ouer waardeer ek dit dat die US in Babin belê. My vraag is egter of daar geen moontlikheid is dat die US beter of afslag-skoolfooie kan beding met SEED vir US-personeel nie. Of kan die US nie personeel wie se kinders daar is, subsidieer nie?

**– Ouer van Babin-kind wat by US werk**

## Kuberpraatjies

*Comment on our SU Facebook page at www.facebook.com/stellenboschuniversity, or follow us on Twitter (stellenboschuni).*

(On the SRC elections) Last year my friend walked past the nominees and asked what they were gonna win, thought it was a beauty pageant. **– Leatitia Suzie Fortuin**

(On Maties beating Rhodes in USSA tournament) Great news to hear, more win maties. We are behind you 100 percent. Viva maties, viva sun. **– Silvanus Brown Edward**

Michelle Obama at UCT yesterday; Oprah Winfrey at UFS today. @StellenboschUni who we getting? **– Gareth Cornelissen**

@StellenboschUni is requesting us to wear studentcards at all times. On lanyards. I understand its for safety but I dunno if I’m for it **– CarynSpeaks**



## Klip innie bosch

ANONIEME ONS

# Parkering op kampus steeds ’n tameletjie

Ons het ietwat van ’n dilemma op hande.

Ons kry nie geparkeer nie.

Ons werk in verskeie departemente op kampus waar daar van ons verwag word om ’n parkeerheffing van R180 per jaar te betaal om toegang tot onse werksplekke se parkeerterreine te kry. Dit stel ons natuurlik in staat om onse personeelkaarte waffers teen sensors te hou en toe te kyk hoe meganiese arms voor ons die lug in klief.

Dis ’n ongelooflike ervaring, daardie klief-slag – wanneer die meganiese arms grasieus boontoe en dan weer ondertoe swaai. Ons kan telkens nie anders as om daardeur tot trane gedryf te word nie. Sulke finesse, dink ons wanneer ons onse personeelkaarte teen die sensors vryf om die skouspel te mag aanskou. Sulke asembenemende panache!

Dan ry ons onderdeur die arms met ’n warm gevoel in onse binnestes.

En dan ween ons. Want daar is geen parkeerplek nie.

Of ons nou voor 08:00 die oggend of bedags na afloop van ’n uitstedige vergadering by onse werkplekke aankom – daar is maar net nooit genoeg staanplek vir almal nie. En ons verstaan dat ons reeds die groot vergunning van Kampusbeheer gekry het om te mag staar na die wonderwerk van meganiese arms wat vanself – ja, vanself! – op en af gaan wanneer ons onse kaarte oor hul sensors sleep. En ons is vreeslik deemoedig. En bedees. En ons skinder nooit nie. En ons wil nou nie juis moeilikheid hieroor kom staan en maak nie, maar ons het gewonder: Is dit regverdig?

**Sekerlik kan dit nie langer so voortduur nie. Sekerlik moet onse parkeergelde aan ons terugbetaal word.**

Is dit regverdig dat ons hierdie verruklike toneel daagliks mag aanskou, net om kort daarna die uiterse teleurstelling van ’n oorvol parkeerterrein te beleef? Is dit regverdig om R180 vir die spektakel te betaal, net om kort daarna wreed teruggeruk te word na die werklikheid dat daar veel meer voertuie in die universiteit se parkeerdatabasis geregistreer is as wat daar staanplekke is?

Hoekom, wonder ons (wat voorwaar deemoedig en bedees is), is die personeelkaarte wat ons oor hierdie sensors vryf dan gratis aan ons beskikbaar gestel? Hoekom het ons ’n gratis welwees-sentrum, gratis trauma-berading, gratis toegang tot die universiteit se biblioteke, gratis toegang tot dosyne akademiese databasisse en ander hulpbronne, reistoelae, gratis e-posrekeninge en ’n gratis personeelkoerant – maar ons moet ’n fooi betaal vir die emosionele letsel wat daagliks dieper in ons gemoedere gekerf word wanneer ons paniekerig moet wonder waar môre se parkeerplek vandaan gaan kom?

Sekerlik kan dit nie langer so voortduur nie. Sekerlik moet onse parkeergelde so spoedig moontlik aan ons terugbetaal word en die dans van die meganiese arms na dese gratis aan alle personeellede beskikbaar gestel word? Sekerlik is ’n effense verdowing van ons smôrense oorgang van verrukking na angs die minste wat vir ons gedoen kan word?

Geregtigheid vereis niks minder nie!

Maar ons besef dat ons met die monduitspoel hier ru en ondankbaar mag voorkom en wil daarom om dekorumsonthalwe tog net weer vermeld hoe beeldskoon die meganiese arms is wanneer hulle deur die lug klief en hoe bevoorreg ons is om hul skoonheid daagliks te kan beleef.

■ Anonieme Ons sal van tyd tot tyd sy, of haar, mening hier lug. Praat saam en lug jou mening. Of neem self die persona van Anonieme Ons aan. Skryf aan kampusnuus@sun.ac.za.

Menings in *Kampusnuus* is dié van die betrokke individu en nie noodwendig die standpunt van die redaksie of die Universiteit Stellenbosch nie.

Opinions expressed in *Kampusnuus* are those of the individuals concerned and not the view of the editorial team or Stellenbosch University.

Vrouedag

# Vroue aan US maak groot impak

Vroue verbonde aan die universiteit laat hul naam geld en presteer op talle gebiede. Dié maand word Vrouedag gevier, en *Kampusnuus* berig oor 'n paar vroue wat die afgelope maand of wat op verskillende terreine 'n impak gemaak het. En 'n paar US-vroue vertel wat dié dag vir hulle beteken.



## *Prof Sulina Green*

Prof Sulina Green, voorsitter van die Departement Maatskaplike Werk, is met die Stalsprys vir Maatskaplike Werk van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns bekroon. Sy ontvang die toekenning op 7 September.

Volgens die Akademie word die Stalsprys toegeken vir " 'n hoogstaande publikasie of 'n reeks van hoogstaande publikasies, by voorkeur in Afrikaans, asook vir individuele of gesamentlike produkte van hoogstaande gehalte waardeur buitengewone bydraes tot die wetenskapsbeoefening gemaak word".

Die Akademie beskryf Green as 'n "deurwinterde akademikus wat oor baie jare haar bydrae tot maatskaplike werk en die wyer gemeenskap ten volle uitgeleef het".

Die prys word nie elke jaar aan 'n persoon in die veld van maatskaplike werk toegeken nie, maar vanjaar is die kategorie vir verpleegkundiges en maatskaplike werkers oopgestel.

Green, wat sedert haar skooldae in mense se welstand belangstel, het praktiese ondervinding as maatskaplike werker opgebou oor die jare wat sy by die Departement Gesondheid en Welsyn in Bellville gewerk het en het ook as toesighouer van maatskaplike werkers in die Stellenbosch-omgewing vir die ACVV Hoofbestuur opgetree. In 1975 het sy by die US aangesluit in 'n gedeelde pos tussen die Departement Maatskaplike Werk en die ACVV. Ná 13 jaar in die akademie is sy as medeprofessor aangestel.

Haar onderrig en navorsing fokus veral op gemeenskapswerk, navorsing oor en teorieë in maatskaplike werk, asook welsynsbeleid. "Dit is uiters belangrik om sosiale netwerke wat gemeenskapsbou bevorder, veral in arm gemeenskappe, te bestudeer."

Oor die toekenning is Green opgewonde: "Ek was verbaas, want ek het regtig nie gedink ek gaan dit kry nie. Ek is dankbaar vir myself, maar veral vir ons departement. Hierdie toekenning is eintlik te danke aan my kollegas, die universiteit en welsynsinstansies wat aan my geleenthede gebied het om 'n bydrae te maak tot die uitbouing van die beroep van maatskaplike werk. Dit is te danke aan almal wat 'n invloed op my loopbaan, navorsing en onderrig gehad het."

– Lynne Rippenaar

## *Prof Karen Esler*



It was an "empowering and informative experience" in America that persuaded Prof Karen Esler to join HERS-SA. Recently, she became the new chairperson of the board of this organisation, which is dedicated to the advancement of women in the Higher Education sector.

"In 2003, I was awarded a Mellon Foundation Grant to attend the HERS-USA Summer Institute, a one-month course focusing on grooming women for high level academic management positions," says Esler, who is associate professor in the Department of Conservation and Ecology at SU.

"Attending the course was really difficult because I had to leave my 18-month-old daughter behind, but it was such an empowering and informative experience, and I firmly believe I am where I am partly because of that experience."

This, she says, is why she has remained a staunch supporter of HERS-SA. "I am delighted to serve the organisation as chair of its board, and to support the activities of Dr Sabie Surtee, our director."

HERS-SA has as one of its aims "to empower women to take leadership positions in higher education institutions in South Africa".

Through its conferences and programmes, the organisation has been able to provide career development for women in academia across sub-Saharan Africa. According to HERS-SA's website over 900 women from South Africa and other African countries have participated in the organisation's programmes.

Esler joined SU in 1995 in the Department of Botany after completing undergraduate studies at UCT and a Post-Doc at the University of California.

About the status of women in higher education today, Elser is outspoken: "It is no secret that women are still underrepresented in academia, particularly in the sciences, and that this underrepresentation widens as one moves to higher levels in academia. I still see relatively few women in faculty and senate meetings."

In this respect, she adds, HERS-SA provides a range of interventions which contribute to the career development of women in academia. "It was certainly instrumental in my own career path."

■ Visit HERS-SA's new Facebook page for more information.

## *Kampusnuus het 'n paar US-vrou gevra wat Vrouedag vir hulle beteken*



**Me Fiona van Kerwel,** Projekbestuurder: Woorde Open Wêrelde (WOW)-projek van die Woordfees: "Vir my is Vrouedag 'n geleentheid om jou vrouewees, in alle fasette daarvan, te geniet, te waardeer en te koester. Dit is ook 'n tyd om vrouewees oor alle grense heen te vier, ongeag jou ouderdom, gewig of haarstyl! Dis ook 'n platform om erkenning te gee aan vroue wat al waardevolle bydraes gelewer het tot die bestaan en vooruitgang van ons lieflike wêreld – vroue is immers die nekke wat die koppe laat draai!"



**Me Minette du Toit-Pearce,** Mezzosopraan en sangdosent aan die Konservatorium: "Eintlik is dit elke dag Vrouedag in ons huis, maar die feit dat dit 'n openbare vakansiedag is, maak dit vir my moontlik om die dag saam met familie te kan deurbring, spesifiek my ma, skoonma en suster. Dan word daar lekker om die eetkamertafel gekuier, en ja, die dames kook self – dit is deel van die pret! "



**Dr Nox Makunga**, a medicinal plant biotechnologist and senior lecturer in the Department of Botany and Zoology: "Positive role models in contemporary society which focus on the self and in the era of the 'me'-generation are few. Women's Day is thus a day of retrospection on the past achievements by women who remain inspiring and influential to me. I am able to reflect on their journey and how their achievements have thus shaped my life. This, I hope, allows me to draw upon their positive influences in order to make a difference to my world and those around me."



**Me Ruth Baitsewe**, Hoof: Eenheid vir Dokumentontwerp by die US Taalsentrum: "Ter viering van Vrouedag is dit vir my veral belangrik dat ons as vroue ons veiligheid voor oë hou. Met ons studente terug op kampus is veral dames 'n sagte teiken en dit is ons verantwoordelikheid om te verseker dat ons so veilig as moontlik is wanneer ons saans in ons omgewings beweeg. Selfs indien iets met jou gebeur omdat jy oordeel dat jy nalatig was, neem iemand in jou vertroue en praat daaroor. Maak aanspraak op die hulp wat jy as mens en as vrou behoort te kry.



## *Dr Kate Joyner*

Researchers and health authorities in the United States (US) have shown interest in an interdisciplinary health model for providing appropriate care to victims of intimate partner violence (IPV), developed by Dr Kate Joyner and Prof Bob Mash of SU's Faculty of Health Sciences.

"Our collaborators at the University of Maryland are keen to pilot this model in Baltimore. And a big Africa-US comparative study is also on the cards," Joyner, a mental health and gender-based violence lecturer in the Division of Nursing, told *Kampusnuus*.

Joyner recently returned from meetings at the White House and State Department in Washington DC, where she briefed senior advisors for Disability and Women's Health Policy on her work. She also spent a week in Baltimore, exploring opportunities for interdisciplinary collaboration with the University of Maryland.

"Our model focuses on a neglected health issue. It is not good enough to simply patch up women who have suffered obvious sexual and domestic violence and discharge them. You have to consider the whole context and intervene comprehensively," Joyner said.

She pointed out that the interface between IPV and HIV is crucial in light of the fact that South Africa tops international rates of both HIV infection and sexual and domestic violence.

"IPV survivors generally receive only clinical care. Our model goes further. The patient is referred to an IPV champion for a comprehensive psychosocial and forensic assessment. Together they will develop a management plan, which will include the woman joining a life-skills therapy group for six weeks, and subsequently a community support group."

Joyner says this approach holds many benefits. "At the heart of any family system you will mostly find a woman. If you can strengthen her agency and functionality, it frequently results in improved relationships all-round."

– Desmond Thompson

Kliëntediens

# Kontaksentrum smaak reeds groot sukses



Mnr Darryl Havenga, Bestuurder van die kontaksentrum, staan hier by me Izel Gordon-Rossouw in die sentrum se kantoor in Admin A. In die agtergrond is mnr Gavin Nimmo en me Cheryl Richardson.

Net meer as 'n jaar nadat die US sy kliëntekontaksentrum begin het, blyk dit asof dit reeds vrugte afwerp. Maar, sê die sentrum se bestuurder, Darryn Havenga, daar is nog vele planne om deur middel van dié sentrum beter diens aan die US se eksterne én interne kliënte te bied.

Die kontraksentrum hanteer alle navrae wat telefonies, per e-pos of per faks aan die US gerig word. Voornemende en huidige studente, ouers, maatskappye en die algemene publiek kan die sentrum met enige navrae skakel en hul doel is om soveel as moontlik inligting aan die persone te verskaf.

Anders as 'n gewone skakelbord, verskaf die kontaksentrum die persoon onmiddellik met die inligting wat hy/sy benodig, eerder as om die persoon deur te skakel na iemand wat hom/haar dalk net nog 'n keer na 'n ander persoon sal verwys.

"Indien iemand byvoorbeeld navraag doen oor toelatingsvereistes, kan ons hom/haar onmiddellik daaroor inlig. Of as 'n maatskappy'n produk wil laat toets, kan ons hulle presies inlig hoe om te werk te gaan en wie om te kontak," sê Havenga.

Dít is juis waar die kontaksentrum se grootste sukses tans lê: 65% van alle navrae wat aan die US gerig word, word direk deur die sentrum beantwoord of opgeklaar. Dit is 'n groot aantal oproepe, aangesien die sentrum in Junie – 'n relatief stil tyd van die jaar – altesame 20 800 navrae hanteer het.

"Daar is allerlei navrae. Ons het op 'n tyd baie oproepe ontvang oor die waterfilter-sakkie (wat prof Eugene Cloete, Dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe, ontwikkel het); daar kom baie oproepe van maatskappye wat produkte wil laat toets. Ons identifiseer wat die persoon spesifiek wil weet, en as ons nie self die antwoord kan verskaf nie, verwys ons hom/haar na 'n spesifieke persoon – iets wat nie in die verlede gebeur het nie. Dit is dus 'n beter diens en ons verbeter so die US se beeld," sê Havenga.

Dit is 'n goed opgeleide span wat by die sentrum, geleë op die grondvloer van Admin A, werk. "Almal het tersiêre opleiding, en ses van die nege personeellede het aan die US hul studies voltooi," sê Havenga.

Volgens hom is die kontaksentrum nou daarop gefokus om die sentrale punt te word van waar inligting aan die US se eksterne kliënte versprei word – ongeag of dit telefoniese navrae is of dié wat op die US se Facebook-blad of Twitter gerig word.

"Ons wil ook 'n tweede kontakpunt in die Neelsie oprig waar dieselfde tipe inligting verskaf kan word. Uiteindelik moet jy by enige punt kan navraag doen en presies dieselfde antwoord kan kry."

## Kontaksentrum in syfers

Uit die kontaksentrum se statistiek vir Junie:

**20 800** – totale aantal navrae wat hanteer is (7 644 in Afrikaans; 10 220 in Engels; navrae per faks uitgesluit)

**11 807** – die totale aantal telefoniese navrae (6 523 in Afrikaans; 5 284 in Engels)

**6 077** – die totale aantal navrae per e-pos (1 141 in Afrikaans; 4 936 in Engels)

**2 916** – die totale aantal navrae per faks



In June, two representatives from the Carnegie Corporation in New York, Dr Rookaya Bawa and Dr Tade Aina, visited the SU campus and was hosted by Prof Arnold van Zyl, Vice-Rector: Research. Here Van Zyl hands over a limited copy of a map from the University's Africana Solomon Collection to Bawa and Aina. They visited the African Doctoral Academy and the JS Gericke library's Research Commons, which was established with support from the Carnegie Corporation. *Photo: Hennie Rudman*

## *Chemists to bring next Afro-Asian workshop to SU*

In an effort to strengthen collaboration across continents within the field of chemistry, a group of young SU academics have entered a bid to host the next Afro-Asia Workshop on Advanced Topics in Chemistry in 2012 locally.

This follows the visit by Dr Katherine de Villiers-Chen, Dr Willem Gerber, Dr Alpheus Mautjana and Dr Stephen Pelly of the SU Department of Chemistry and Polymer Science to Bangalore in India in June, where they attended the first workshop of its kind. It was held in the Jawaharlal Nehru Centre for Advanced Scientific Research (JNCASR)

"We would like to reciprocate in an effort to further strengthen Afro-Asian partnerships and knowledge transfer within the field of chemistry," says De Villiers-Chen.

The India workshop was organised in celebration of the 2011 International Year of Chemistry by the Academy of Sciences for the Developing World (TWAS) and the Regional Office for Central and South Asia (ROCASA). The Stellenbosch academics were part of a group of 40 participants from, among others, India, Nepal, Bangladesh, Pakistan, Egypt, Kenya, Nigeria and Ghana. During one of the sessions, participants were given an opportunity to give short presentations about their own research. De Villiers-Chen was awarded one of four TWAS Regional Prizes for Young Scientists to the value of $1 000.

The major component of the workshop saw some of the JNCASR and Indian Institute of Science (IISc) professors conducting lectures on advanced research topics, including medicinal, environmental, bioinorganic, organic, nano, quantum and materials chemistry. Participants were also treated to tours to the $10 million Titan Microscope at JNCASR and the Nuclear Magnetic Resonance Unit at IISc.

Also, the education technology unit at JNCASR hosted a special programme for science teachers and learners of matriculation age. The Stellenbosch academics were impressed with a comprehensive chemistry kit, which had been developed to introduce practical chemistry to schools that are unable to finance functional laboratories. "This initiative could definitely be tailored to a South African context, thereby increasing the reach of chemistry to disadvantaged schools here," De Villiers-Chen says.

– Engela Duvenage

## Staff Successes

**PROF LOUW HOFFMAN** of the Department of Animal Sciences has been awarded a prestigious visiting professorship under the Cariparo Programme of the Padova University of Italy, where he will be hosted by Prof Antonella Dalle Zotte. SU has a memorandum of understanding with Padova University, the oldest University in Italy, and this award will strengthen the collaboration between the two universities. Hoffman is recognised as a world leader in his field of research on "exotic meats". As leader of the Meat Science Research Team at SU, Hoffman is actively involved in the research of factors that influence the meat quality of exotic game and ostrich meat.

**PROF PAUL CILLIERS**, hoogleraar in kompleksiteit en filosofie aan die US, is as Uitgelese Besoekende Professor in die Nagraadse Skool van die Universiteit vir Humanistiek (UvH) in Utrecht, Nederland, aangestel. Luidens 'n skrywe van die UvH val dié eer hom te beurt op grond van sy "uitstaande wetenskaplike werk op die gebied van kritiese kompleksiteitsdenke" en die internasionale erkenning wat sy wetenskaplike bydraes geniet.

**ME ELMIEN STRAUSS** van die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO) het 'n beurs van die Duitse Akademiese Uitruildiens (DAAD) in samewerking met die Carl von Ossietzky Universiteit van Oldenburg, Duitsland, ontvang om die vierde DIES UNILEAD-kursus te deurloop. Altesaam 22 bestuurders in hoëronderwys vanuit onder andere Sub-Sahara Afrika, Suid-Oos Asië, die Midde-Ooste en Sentraal-Amerika gaan opleiding in projekbestuur, finansiële bestuur en menslike hulpbronbestuur ontvang. Vir die aansoek moes 'n projekvoorstel ingedien word wat met die verloop van die kursus (van Julie 2011 tot Februarie 2012) ontwikkel en geïmplementeer word.



**MNR DANIEL MALAN**, hoof van die US Bestuurskool (USB) se Sentrum vir Korporatiewe Bestuur in Afrika, is aangestel in 'n raad van die Wêreld Ekonomiese Forum. Malan is genooi om 'n lid van die Wêreld Ekonomiese Forum se Global Agenda Council on Values in Decision-making 2011 te word. Volgens 'n brief van Klaus Schwab, stigter en voorsitter van die Wêreld Ekonomiese Forum, is Malan genooi op grond van sy "leierskap in denke op hierdie gebied". Hy sal saam met ander internasionale kenners as adviseer dien. Die raadslede is aangestel vir 'n termyn van een jaar.



Simposium oor Mandela-dag

# US se personeel en studente 'kan saam verskil maak'



Me Michelle Pietersen van MGD aan die woord by die Mandela-simposium oor vrywilligerskap. *Foto: Johann Swart*

Personeellede van die US word aangemoedig om toenemend saam met studente vrywillige werk te doen en sodoende 'n verskil in mense se lewens te maak.

Só het me Michelle Pietersen, 'n senior programbestuurder by Matie Gemeenskapsdiens (MGD), onlangs op 'n simposium oor die implikasies van oudpres Nelson Mandela se nalatenskap vir studentevrywilligerskap gesê.

Dié geleentheid is op 22 Julie gesamentlik deur die Frederik Van Zyl Slabbert (FVZS) Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling, MGD en die Studenteraad aangebied. Sowat honderd studente en personeellede van die US, asook die Universiteite van Kaapstad (UK) en Wes-Kaapland (UWK) het dit bygewoon.

Dr Leslie van Rooi, hoof van die FVZS Instituut, het gesê Mandela se nalatenskap "gee ons die geleentheid om ander se lewens te verbeter, nes hy ons s'n verbeter het".

Mnr Byron Booysen, 'n US-student, het gesê gemeenskapsdiens help maatskaplike probleme soos armoede bestry. "En dis vervullend. Ek het eerstehands ervaar hoe jy self verander as jy verandering in die gemeenskap help teweegbring."

**Die US leef Mandela se nalatenskap uit deur middel van die HOOP Projek.**

Nog 'n US-student, mnr Louis van der Riet, het gesê universiteite behoort buite die grense van die klaskamer 'n impak te maak deur "agente vir verandering" te wees.

